

Handelinge 9:1-22 (lees dit)
12de Sondag n.Trin. 14 Aug. 2016

Intussen het Saulus soos 'n besetene voortgegaan om die volgelinge van die Here met die dood te dreig.

(Ou Vertaling 1953) Maar Saulus, wat nog dreiging en moord geblaas het teen die dissipels van die Here, het na die hoëpr...

Hy het na die hoëpriester toe gegaan en van hom bekendstellingsbriewe aan die sinagoges in Damaskus gevra.

Sy doel was om al die aanhangers van die leer van die Here (mense van die weg / any followers of the Way) wat hy daar kry, mans sowel as vrouens, gevange te neem en na Jerusalem toe te bring. Toe hy op reis naby Damaskus kom, het daar skielik 'n lig uit die hemel op hom gestraal. Hy het op die grond neergeval en 'n stem vir hom hoor sê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" "Wie is U, Here?" vra hy toe.

En toe Saulus op sy reis naby Damaskus kom, omstraal hom skielik 'n lig van die hemel af; en hy val op die grond en hoor 'n stem vir hom sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Handl 9:3+4



Liewe gemeente,

“**Wie is U, Here?**” is die vraag van radikale transformasie - vir Paulus, vir die wêreld, vir die kerk, vir jou en my. En ek sê altyd: oppas om vrae te vra - jy mag dalk antwoorde kry. En sommige antwoorde stuur 'n golf van voorgevoelens vooruit dat baie liewers nie eers begin vra nie want dit mag wees dat jy aangespreek word.

So terloops - die woord preek in Afrikaans beteken “verkondiging” of “redevoering”. Ek weet nie of dit in Afrikaans ook soos die middelhoogduitse woord “bredige” waarvan die Duiste woord “Predigt” afkomstig is nie; dit beteken soveel as “toespraak”: ek *spreek* iemand *toe*, ek rig aan iemand 'n *woord wat aanspreek*, ek sê iets toe aan iemand, iets word oorgedra. En die hoorder ontvang 'n woord. Dit is baie persoonlike kommunikasie. Ek verstaan die Woord gevul soos toe Jesus vir die verstorwe dogter van Jairus gesê het: *Dogtertjie, Ek sê vir jou: staan op!* (Mark 5:41) En sy het haar oë oopgemaak en opgestaan. So word ons deur die Woord aangespreek - dit is 'n preek / aanspreek / toesê / lewendige woord oordra.

Nou wanneer iemand vrae het, mag dit wees dat iemand nie slegs 'n inligtingsantwoord ontvang nie (dis waarmee die meeste volstaan) maar soos in hierdie geval van Saulus (wat later Paulus genoem word) mag dit gebeur dat iemand ook aangespreek word – dan word dit persoonlik. Inderdaad: hier *spreek* Jesus self tot Saulus. En dié woord was aan die eenkant doodelik, maar aan die anderkant het dit 'n *transformasie* bewerkstellig wat tot 'n totaal nuwe lewe gelei het. En hierdie *ommeswaai* in 'n mens se lewe, noem ons **bekering**. En dit sal die fokuspunt wees vir vandag.

Met hierdie bogenoemde verse uit Handelinge 9 kan ons maklik twee ure besig wees. Laat my toe om twee opmerkings te maak voordat ons die woord “bekering” van drie kante sal belig.

(i) **Die eerste opmerkings is Saulus self van wie hier geskryf staan.** Ons het etlike weke oor hom gepraat waar hy van homself in die brief aan die Filipense geskryf het: 'n onberispelike fariseër, 'n brandende wetsyweaar, van geboorte 'n Hebreër uit die stam Benjamien, deur 'n Griekse skool in Tarsus gegaan maar as tiener reeds opgeneem in die universiteit van Jerusalem en as jong man deel van die Sanhedrin, die hoogste Joodse regering. Hy kry die CIA opdrag (of moet ons miskien hedendaagse Mossart, Joodse geheime agentskap noem) om onder die neus van die Romeine die Christene te Damaskus uit te snuffel en lewendig na Jerusalem te neem. Damaskus in Sirië was nog alyd 'n dooring in die vlees van Jode, maar hierdie keer nie weens die vyandelike Asiriëriese volk nie maar die groep Christene wat reeds uit Jerusalem gevlug het en daar in die noordelike buurland skuiling gaan soek het.

(Wys drie prente: kaart (±160 Km reis), Jerusalem, Damaskus se straat wat “reguit” genoem word)

(ii) Die tweede opmerking is diegene wat hy vervolg het. Let op dat Saulus nie vir Jesus vervolg het nie. Jesus was vir Saulus afgehandel, gekruisig, dood en begrawe. Saulus is agter die gemeente aan. Hulle kry twee beskrywings in eerste paar verse: (a) hulle is **dissipels** - dit is omtrend die laaste keer in die NT dat hulle só genoem word. 'n *Dissipel* is 'n skoolier of 'n leerder, iemand wat in opleiding is. Die aanhangers van Christus was nog vars in hulle geloof maar het gegroei.

Van hier af verder en so-ook in die briewe van die NT word die gelowiges “**heiliges**” genoem, of te wel spesifiek, “die **gemeente**”. Heilig is hulle omdat Christus hulle geheilig het en sy behoedende hand oor hulle hou. Ja, Christus leef nou nie meer met hulle nie, maar in hulle wat aan Hom behoort. So hoog word

die eenheid tussen Christus en sy gelowiges geag, dat toe Saulus vra: “Here, wie is U?”, die stem vir hom antwoord: “Ek is Jesus, vir wie jy vervolgt!” Uiterlik was Saulus agter die Christene aan (want Jesus was mos reeds geëlemineer), maar Jesus vereenselwig Homself met sy gemeente - wie die *gemeente* vervolgt, vervolgt vir *Christus*; die gemeente is sy Liggaam op aarde. Hierin lê daar ’n diep geheimenis waaroor dit die moeite werd sou wees om ’n besinning op sy eie te hou.

(b) Die gelowiges van Christus kry hier egter nog ’n naam: hulle is “mense van **die Weg**” (sien Ou Vertaling) Die benaming van “**Christene**” sou hulle eers later kry toe in die Siriese stad, Antiogië, vir die eerste keer só genoem was (Handel 11:26). “Mense van die Weg” verwys na ’n lewensstyl - soos in die Ou Testament verwys word na die Weg van Geregtigheid, die weg van waarheid, die weg van die lewe. In Handeling 9 sê Ananias later: *Here, Saulus is hier met volmag van die prieserhoofde om almal gevange te neem wat u Naam aanroep*. “Mense van die Weg” was hulle omdat hulle Jesus se Naam aanroep. En ons weet van alle ander skrifgetuies dat kenmerkend van hierdie nuwe groep mense was hulle ander lewensstyl. Dit was maklik om hulle uit te ken, want hulle het nie meer tipiese Joodse wetgewing gevolg nie en beslis nie soos die heidene geleef nie. Hulle was anders. Hulle volg Hom wat van Homself gesê het: *Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe!* (Joh 14:6)

So, wat was die gevolg daarvan dat hierdie groep gelowiges hulle oortuiging uitgeleef het? Antwoord: hulle was nie net ’n interessante kult midde in die samelewing nie, maar is ook met agterdog bejeën, soms bespot en soos ons dikwels in die ander briewe lees, vervolgt. Van hulle het huis-en-haard verloor, van hulle is as volksverraaiers beskuldig, van hulle is gevange geneem en wederregtelik aangekla; van hulle is gedood. En tog het hulle getal by die dag vermeerder. Dit was net so dat enige iemand wat na *waarheid* gesoek het, dit op een of ander manier juis by die Christene gevind het. Hulle was “lig vir die wêreld”, hulle was openhartig, hulle was verwelkomend, hulle het geleef wat hulle geglo het - en daarom geloofwaardig (waardig om geglo te word) - in teenstelling met wat die wêreld aangebied het.

Is hierdie toedrag van sake nog steeds soortgelyk? Inderdaad ja! Omtrent daaglik ontvang ek artikels van christelike nuusagentskappe waar en hoe Christene wêreldwyd vervolgt word. Hier byvoorbeeld onlangs ’n artikel uit die tydskrif IDEA van 7 Augustus (sien heel onder). Dit praat van alamerende getalle oorvalle op Christene se huise, dorpe en streke. Net omtrend 3 % van Indië se populasie is Christene maar in al hoe meer provinsies gebruik politici ook die polisiemag en regsstelsel om Christene te intimideer, te verdryf en selfs te dood.

Daar is nog steeds baie Saulusse wêreldwyd wat Christendom met ’n passie wil uitmoor. Maar raai wat, daar is ook baie Paulusse van wie ons so min weet - mense wat radikaal tot bekering kom. Want *God in sy genade wil nie hê dat sondars moet sterf nie, maar hul’ bekeer en tot insig van die waarheid sal kom*. Hoe maklik sou dit vir God nie gewees het nie om met Paulus af te reken: een slang wat hom sou pik, een fratsongeluk dat hy sy nek sou breek soos hy van die perd afgeval het, een roekelose Romeinse garnisoen by ’n padblokade wat hulle van kant kon maak. Maar nee, God gee genade bo genade tree in sy pad; Hy spreek tot Paulus, Hy preek - en Saulus luister!

Nou uiteindelik Paulus se bekering: Drie maklike punte om vandag saam te neem en om jou eie bekering te hernu: (1) Paulus is bekeer (2) waarvan is Paulus bekeer (3) waartoe is Paulus bekeer.

(1) Ons het reeds genoem: **bekering** beteken omswaai, nuwe denke, heruitrigting van die lewe. Ons mag aanneem dat Saulus, die wetsyeweraar, geensins boosgesind was nie. Hy wou regtig die regte ding doen; hy wou God se wet afdwing. En dit was vir hom ’n uiters goeie werk om die boosdoeners uit te wis. En “boos” was vir hom sulke mense wat níé meer wetsgehoorsaam is nie, en veral diegene wat die wet buite werking wil stel. Is dit nie ironies nie dat diegene wat konsekwent goed wil wees, moet uiteindelik boos word. Selfs moeders met klein kinders wou Saulus gevange neem; hy geen nie ’n duit om vir wat die gevolge sal wees nie.

Christene beweer: *Jesus Christus is die Koning*, die Seun van God! Dit was vir Saulus godslasterlik, want die wet van Moses sê duidelik dat elkeen wat aan die hout hang, is deur God vervloek (Dt.21:23). Nou het hierdie Christene beweer, dat God vir Jesus weer lewendig gemaak het. Jy kan nie sê: iemand is deur God vervloek! En in die volgende asem sê: iemand is deur God begenadig en lewendig gemaak! nie. Saulus het gewet: Daardie Jesus is dood, gekruisig, klaar, verby! Weg met hulle wat beweer dat Jesus weer lewe!

En toe gebeur dit: op reis voor die poorte van Damaskus, word Saulus deur 'n verblindend, helder lig oorval. Hy val van sy hoë perd af, en hy hoor die stem van dié Ene wat dood was - maar Hy lewe. “Wie is U, Here?” stammel Hy. “Ek is Jesus, vir wie jy vervolgl!” Maar hoe nou? Alles het in Saulus se kop gemaal: dan is dit tog waar wat Christene beweer? Dan is dit waar wat Stefanus reeds uiteengesit het, dat Jesus die Christus is?! Dan praat Hyself nou met my! Dan lewe HY werklik!

Drie keer word hierdie verhaal kortliks in die NT briewe herhaal. Hierdie gebeure skets so 'n ingrypende omwenteling dat tot vandag toe talle Christene die mening toegedaan is, dat elke mens 'n soortgelyke Damaskus-belewenis moet hê, voordat hy of sy tot insig kan kom. Jy móét 'n dag en datum van jou bekering kan noem, beweer hulle, om werklik oortuig te kan sê dat jy waarlik tot geloof gekom het. Jy moet jouself bekeer! - is die oproep wat ons dan uit die Christelike media en bekeeringspreke hoor. Hier sou ek daarteen hou: wees versigtig. Nee, dit gaan nie oor die groot wending van Saulus tot Paulus nie. Dink daaroor na: Bekering het 'n dimensie wat van God af bewerkstellig word.

(2) Luister mooi wat hîér in Hndl.9 aan die gebeur is. Hier lees ons dat God ingegryp het. Waarom het God nie vir Saulus doodgemaak en gestraf nie, soos God in die Ou Testament (veral die Psalms) honderdtalle kere gesê het dat Hy sy vyande sal uitdelg? Waarom het God nie die sondaar uitgewis nie? Antwoord: Gód het verander! God het eers Homself, so te sê bekeer, voordat Hy aan die werk gespring het om ook mense te verander.

Jy mag dalk vra, **waarom het God Homself bekeer?** Antwoord: Dit is presies wat die profete en die hele NT herhaaldelik verkondig. God wat die wêreld verdoem het, wat sonde haat, wat straf en veroordeel, het tot insig gekom dat die mense hulle nie sal verander nie: *Die mense is boos van sy jeug af (Gen.8:21); Uit die hart kom bose gedagtes: moord, egbreuk, bedrog* ens. sê Jesus (Matt.15:19). Uit die sentrum van menslike denke en wese kom nie goeie en edele gedagtes nie, maar slegte bose gedagtes - dit is hoe ons is. Sal God aanhou straf en verdoem? Sal God net vermaan en die mense op die vingers tik en hulle oortredinge kasty? Nee, God het besluit: dit is nou genoeg: Ek sal die menseharte verander - so lees ons reeds in Jeremia 31. Ek sal hulle weer genadig wees; Ek sal Myself aan hulle bekend maak en elkeen, groot en klein, sal my erken.

Liewe gemeente, dit is uniek in vergelyking met alle godsdienste. Dat ons lees: “... en God het berou gehad ...” kry ons slegs in Christendom. God het sy hart / sy verhouding teenoor die mense verander. Sedert Jesus Christus gekom het, is God net nog goedgesind teenoor die mensdom. Sedert God se toorn aan die kruis uitgewoed is, is God net nog ene liefde en genade. **In Christus** strek God sy arms van liefde na jou en my uit en roep: “Kom, my beminde kind, ek het so lank op jou gewag. Moenie langer sukkel en probeer wat jy tog nooit sal regkry nie. Ek het alles reeds gedoen waarna jy strew om nog te volbring. Ek het selfs in die dood vir jou gegaan, sodat die dood nie meer 'n verskrikking vir jou kan wees nie. Ek gee vir jou die lewe, die volle, ware lewe en ek sal jou dra en voleindig soos Ek nog altyd net goed van jou gedink het.” Ja, inderdaad: God het verander - en daarom verander alle ander dinge ook. Dit is Evangelie! Dit is die blye nuus wat in die hele wêreld gehoor word.

Saulus in sy blindheid het gehoor. Ja meer nog, Saulus het gehoor gegee. Vir my was Saulus 'n opregte yweraar, iemand wat opreg na die waarheid gesoek het. Die Here neem hom by die hand en sê: gaan na die stad Damaskus - daar sal hulle vir jou sê, hoe die pad verder sal gaan.

Saulus het nie 'n keuse gehad om homself te bekeer nie: die Here het hom aangespreek. Maar nou dat hy tot insig gekom het, nou kon hy homself ook verhard het. Ook van hierdie gebeure lees ons daagliks. In 'n berig ook uit IDEA, het Mohammed Hegazy in Egipte op 16 jarige ouderdom tot geloof gekom. Later toe sy vrou 'n kind gebore het, wou hy in sy paspoort die verandering aanbring van moslem tot christen, maar die oewerhede het geweier en hom geteister. 2011 is sy vrou en kind Duitsland toe en Hegazy is 5 jaar tronk toe omdat hy aanhou om “valse informasie” te versprei. Hy is nog as *martelaar van die maand* deur die internasionale Organisasie vir menseregte (IGFM) verklaar. Skielik is hy vrygelaat en verklaar: “Ek is as moslem gebore en sal as moslem sterf.” (sien laaste artikel heel onder)

Saulus kon dit ook gedoen het want sy situasie het drasties verander toe hy ook begin het om in Damaskus onverwags die Jesus as die Christus te verkondig. Alle volksgenote het teen hom gedraai en hyself was een

van die gehaatse mense onder die son. “Jy’s mal, Saulus”, het waarskynlik sy vroëre vriende uitgeroep. En Saulus sou antwoord: “Ja, ek’s mal oor Christus”. Dit is Hy wat my in sy oneindige liefde begenadig het. Dit is Hy wat lewe en Hy is *kyrios*, Hy is Heer!

Met Saulus doen dit Here dit in die lig op pad na Damaskus; vir Filippus ontmoet die Here onder ’n vyeboom, vir Petrus by die visnette in die meer van Galilea; vir Nikodemus in ’n nagtelike gesprek. Elkeen van ons kan sy of haar eie verhaal vertel. Vir my het insigte oor ’n langerige tydperk gegroei, deur boeke en gesprekke en soos ons laas Sondag gehoor het: deur te *doen* wat Jesus beveel het. Soos die 10 melaatses wat Jesus genees het - terwyl hulle op pad weg van Jesus na die priesters was, het hulle gesond geword. Maar net ene het omgedraai om vir Jesus die eer te gee. Wanneer die Here roep, moet jy antwoord.

(3) Laastens die punt: **waartoe is Paulus bekeer?** In watter rigting, wat het nuut geword? Ook hier drie punte waarmee die meeste waarskynlik bekend is, maar dit is goed om dit weer te hoor:

(i) Saulus het hom wegbekeer weg van homself, heen na Jesus Christus - van die **ek** tot die **JY**. Saulus het van toe af net nog een lewensstema gehad: Jesus Christus. Saulus het stil geword. In die brief aan die Galasiërs vertel hy dat hy 3 jaar lank in Arabië vertoef het. Sommiges meen dat hy 3 jaar in Damaskus gebly het. Maak nie saak nie, maar dit is duidelik dat die oneindige gesprek met sy Here begin het. In die stilte kom ek tot besef van my sondige bestaan en God se oneindige genade. In die stilte hoor ek sy Woord, sy stem en kry ek sy opdrag.

(ii) Elke bekering beteken dat jy in diens staan - van die **ek** tot die **ons**. Vireers het Saulus die opdrag gekry om na Ananias toe te gaan, wat vir Saulus die hande opgelê het en deur handeoplegging het Saulus weer siennend geword, hy’s gedoop en het geëet en was nou deel van die geloofsgemeenskap. Dit is onmoontlik om tot Jesus te bekeer en Sy Liggaam, die gemeente, opsy te los. Ananias verwelkom vir Saulus en van toe af het Saulus die hartlikheid van die gemeente nooit weer gemis nie. Ons weet dat later Saulus saam met Barnabas ook uitgestuur is as sendeling, maar dit is die eerste Saulus wat in sy briewe oor-en-oor verduidelik dat elke gelowige ’n lewende lidmaat in die Liggaam van Christus is.

(iii) En die 3de bekering impliseer altyd ook ’n hartlikheid tot die wêreld. *So lief het God die wêreld gehad ...* en só sal ook ons ’n hart hê vir diegene wat nog verlore is. Bekering impliseer altyd ook aksie heen na diegene wat nog “daar buite” is, om getuienis te gee met woorde en met dade, maar veral in opregtheid van die hart van die **ons** tot die **julle**.

(iv) En ons mag ’n laaste punt byvoeg: my lewensperspektief word verander van **tyd** na **ewigheid**. God is nog nie klaar met ons nie, maar neem ook vir jou en my aan die hand deur die tyd, dag-vir-dag, deur lief en leed, deur hoogtes en dieptes. En tog weet ons dat ewige tuiste reeds voorberei is; vir ons wag die hemel wat vir ons nou reeds toegesê is.


Ek vra soos Ananias: “Here, waarom juis Saulus wat Christene so haat? Wil jy nie weer heroorweeg nie?” En die Here antwoord: “Juis hóm het Ek uitverkies om my werktuig te wees.” En so kan ons aanhou vra: Here, waarom daardie dwelmsmous wat menseleuens verwoes het? Waarom daardie korrupte politikus wat soveel elende veroorsaak het? Waarom hierdie prostituut wat gesinne deurmekaar gemaak het? Here, waarom vir die luiaard of daardie gebrekkige sieke of popstêr en ekonoom? **Waarom vir my?**

En telkens antwoord die Here: Juis vir jou en vir jou en vir jou het Ek uitverkies om my werktuig te wees. Waarom? Omdat Ek, die Here, dit kan doen en dit wil doen; omdat Ek die hemel nie sonder jou wil hê nie. Sal jy dit toelaat dat die Here vandag die hemel aan jou toesê? Mag die Here jou roep? Amen.

En mag God se vrede wat alle verstand te bowe gaan, julle harte en sinne bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.

Die reis van Jerusalem tot Damaskus ± 160 km ver

Hier onder – soos vandag die pad „reguit“ in Damaskus lyk (of dit nou midde in die oorlog nog steeds so lyk ?)



 **idea** 07. August 2016 - [Indien] **Übergriffe auf Christen erreichen „alarmierendes Niveau“**



Immer wieder werden Christen in Indien Opfer von gewältätigen Übergriffen. Foto: picture-alliance/AP Photo

Mumbai (idea) – In Indien haben die Übergriffe auf Christen ein alarmierendes Niveau erreicht. Dieser Ansicht ist der Koordinator des Vereins zur Linderung von Verfolgung in Indien, Tomson Thomas (Mumbai). Wie er dem christlichen Informationsdienst World Watch Monitor sagte, werden derzeit täglich mindestens 30 Angriffe gemeldet. Besonders schlimm sei die Situation in Bundesstaaten, in denen die hindu-nationalistische Partei BJP regiere. Am 17. Juli hätten mehrere extremistische Hindus in Kamarud (Bundesstaat Chhattisgarh) den christlichen Studenten Umesh Patel, dessen Vater Sudhama Patel, sowie einen Familienfreund, Kiran Vishwakarma, wegen ihres Glaubens brutal angegriffen. Sie mussten im Krankenhaus behandelt werden. Am 22. Juli entführten Unbekannte die 14-jährige Sangeeta Siri, vergewaltigten und ermordeten sie. Ihre Leiche wurde in einem Wald nahe Jattarbeda (Bundesstaat Chhattisgarh) gefunden. Ihr Vater vermutet, dass sie umgebracht wurde, weil ihre Familie Christen sind. Bereits in der Vergangenheit seien sie deswegen oft bedroht worden.

„Hier werden staatliche Institutionen missbraucht, um Christen zu verfolgen“

Ägyptens bekanntester Konvertit ist wieder Moslem



In einen kurzen Video erklärt Mohammed Hegazy, dass er wieder Moslem sei. Screenshot: [youtube/mohamed heegazy](https://www.youtube.com/mohamedhegazy)

Kairo (idea) – Ägyptens wohl bekanntester Konvertit, Mohammed Hegazy, ist wieder Moslem. Das verkündete der 33-Jährige über die Videoplattform Youtube. Er sei als Moslem geboren und er werde als Moslem sterben. Hegazy hatte sich im Alter von 16 Jahren für das Christentum entschieden. Als er und seine Frau das erste Kind erwarteten, beantragte er 2007 die staatliche Anerkennung des Religionswechsels, damit das Kind christlich getauft werden kann. Denn solange im Ausweis des Vaters als Religionszugehörigkeit „Moslem“ eingetragen ist, gilt jedes Kind dieses Mannes automatisch auch als Moslem. Als Hegazy das Recht auf Religionswechsel verweigert wurde, klagte er gegen diese Entscheidung. Der Fall erregte viel Aufsehen; Hegazy wurde in ganz Ägypten bekannt. Aber das Gericht lehnte auch den Einspruch ab: Für einen Moslem sei es gegen das Gesetz, den Islam zu verlassen. Nur der Wechsel von anderen Religionen in den Islam sei zulässig.

Seine Frau und die beiden Kinder leben in Deutschland

Wegen teils massiver Anfeindungen mussten er und seine Familie zeitweise untertauchen. Seine Frau Kristina und die beiden gemeinsamen Kinder leben seit 2011 in Deutschland. 2014 wurde Hegazy wegen „Unruhestiftung durch Verbreitung falscher Informationen“ zu fünf Jahren Haft verurteilt. Ihm wurde vorgeworfen, Angriffe auf Christen und deren Einrichtungen im oberägyptischen Minya ohne Genehmigung gefilmt zu haben. Dadurch habe er ein „falsches Bild“ verbreitet. Die Evangelische Nachrichtenagentur idea und die Internationale Gesellschaft für Menschenrechte (IGFM, Frankfurt am Main) benannten Hegazy daraufhin zum „Gefangenen des Monats September“ und riefen dazu auf, sich beim ägyptischen Staatspräsidenten für seine Freilassung einzusetzen. Die Proteste zeigten Wirkung: Die fünfjährige Haftstrafe wurde auf ein Jahr verringert. Erst vor wenigen Wochen war er aus der Haft entlassen worden. Ägyptische Menschenrechtler gehen davon aus, dass Druck auf ihn ausgeübt wurde, zum Islam zurückzukehren.